higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

25 November 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordboek van 13 bladsye.

102Q1N2025

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word.
5. Toon al die bewerkings.
6. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
7. Gebruik die tabel hier onder om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag kan spandeer.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	ONDERWERP	PUNT	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kortvrae	30	27 minute
2	Berekeninge	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aanpassings	40	36 minute
4	Berekeninge van wins en verlies	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Dié metode word NIE gebruik om depresiasie te bereken nie:

A Reguitlyn-metode
B Boekwaarde-metode
C Geakkumuleerde-depresiasie-metode
D Afnemende saldo-metode

1.1.2 Bank met 'n kredietsaldo in die proefbalans word geklassifiseer as 'n …

A bedryfsbate.
B opgelope uitgawe.
C voorafbetaalde uitgawe.
D bedryfslas.

1.1.3 Die versekeringsrekening word aan die einde van die finansiële jaar na die ... oorgedra.

A handelsrekening
B kapitaalrekening
C wins-en-verlies-rekening
D verkoperekening

1.1.4 Die joernaalinskrywing vir die afsluiting van die koste van verkope rekening is …

A Debiteer 'handelsrekening' en Krediteer 'koste van verkope'.
B Debiteer 'koste van verkope' en Krediteer 'handelsvoorraad'.
C Debiteer 'koste van verkope' en Krediteer 'handelsrekening'.
D Debiteer 'handelsvoorraad' en Krediteer 'koste van verkope'.

1.1.5 … word as 'n inkomste in die inkomstestaat aangeteken.

A Depresiasie
B Debiteurekorting
C Bankkoste
D Afname in voorsiening vir aansuiwering van slegte skuld

(5 × 1) (5)

1.2 Die volgende inligting het betrekking op Jubble Bubble Stores se handelsvoorraadrekening op hulle finansiële jaareinde op 31 Julie 2019:

Handelsvoorraad (01/08/2018)	R199 500
Kredietaankope van voorraad	R298 000
Kontantaankope van voorraad	R210 250
Koste van verkope (alle verkope is op krediet)	R375 040
Terugsending van voorraad	R2 870

Addisionele inligting:

- Die fisiese voorraadopname toon 'n tekort van R2 450 se handelsvoorraad.
- 'n Bedrag van R8 350 vir toerusting wat aangekoop is, is per abuis in die handelsvoorraadrekening opgeskryf.

1.2.1 Gebruik die inligting hier bo om die handelsvoorraadrekening op 31 Julie 2019 te voltooi en balanseer. (20)

1.2.2 In watter finansiële staat word 'n handelsvoorraad-tekort opgeskryf? (1)

1.3 Jabulani Mthembu is die eienaar van Bed Zone. Hy vra jou om hom te help om die volgende te bereken deur die onderstaande inligting te gebruik. Rond antwoorde af tot die naaste heelgetal.

Verkope	R872 650,59
Debiteurekorting	R2 650,59
Koste van verkope (prysverhoging is 70% van die koste)	?
Inkomste (15% van die bruto wins)	?
Uitgawes (een derde van die bruto inkomste)	?

1.3.1 Koste van verkope (3)

1.3.2 Hoekom is die inkomstestaat vir alle besigheidseienaars 'n nuttige hulpmiddel? (1)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Die volgende balanse verskyn in PK Funeral Services se boeke op 31 Mei 2019, die laaste dag van hulle finansiële jaar:

Bank (Cr)	R34 760
Kleinkas	R1 000
Los kontant	R45 200

Die volgende transaksies is NOG NIE opgeteken nie:

- Die eienaar het haar kapitaal op die laaste dag van die finansiële jaar met R150 000 verhoog.
- Die eienaar het R200 vir persoonlike gebruik uit die Kleinkas geneem.
- Die direkteur se salaris van R44 000 is verkeerdelik in die los kontant-rekening gekrediteer in plaas van in die bankrekening. Stel die fout reg.
- R4 000 is aan NN Promotors betaal vir advertensies.

2.1.1 Voltooi en balanseer die Bankrekening op 31 Mei 2019. (8)

2.1.2 Voltooi die nota in die Balansstaat waar die Bank opgeteken word (toon alle berekeninge tussen hakies). (5)

2.2 Die volgende balanse verskyn in die vooraf aanpassing van Flamingo Tiles se proefbalans op 31 Desember 2019:

Voertuie	R167 000
Geakkumuleerde depresiasie op voertuie	R36 500

Addisionele inligting:

- Depresiasie op voertuie word bereken teen 10% per jaar volgens die afnemende saldo-metode.
- 'n Nuwe voertuig is op 1 Oktober 2019 op krediet van Cotwal Motors aangekoop teen R137 000. Hierdie inskrywing is nog nie opgeteken nie.

2.2.1 Bereken die depresiasie op voertuie wat opgeteken sal word in die Inkomstestaat op 31 Desember 2019, die laaste dag van die finansiële jaar. (8)

2.2.2 Bereken die bedrag wat op 31 Desember 2019 in die Balansstaat opgeteken sal word vir geakkumuleerde depresiasie op voertuie. (3)

2.2.3 Bereken die boekwaarde/drawaarde van voertuie op 31 Desember 2019. (4)

2.2.4 Watter effek het die depresiasie van voertuie op die waarde van die voertuie? (1)

2.2.5 Watter effek het die depresiasie van voertuie op die eienaarsbelang? (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraf aangepaste proefbalans is op 30 Junie 2019, die laaste dag van die finansiële jaar, onttrek uit Siya's Deli se rekords:

VOORAF AANGEPASTE PROEFBALANS VAN SIYA'S DELI OP 30 JUNIE 2019					
	FOL	**DEBIET**		**KREDIET**	
Balansstaat rekeningafdeling					
Kapitaal (1 Julie 2018)	B1			650 000	00
Trekkings	B2	44 400	00		
Grond en geboue	B3	235 000	00		
Voertuie	B4	304 500	00		
Geakkumuleerde depresiasie op voertuie	B5			98 780	00
Toerusting	B6	65 480	00		
Geakkumuleerde depresiasie op toerusting	B7			12 890	00
Vaste deposito: Shady Bank (9%)	B8	200 000	00		
Handelsvoorraad	B9	65 800	00		
Bank	B10	30 255	00		
Los kontant	B11	1 600	00		
Kleinkas	B12	2 800	00		
Debiteurekontrole	B13	65 804	00		
Krediteurekontrole	B14			95 900	00
Voorsiening vir slegte skuld	B15			3 158	00
Lening: Sunny Bank (14%)	B16			175 000	00
Nominale rekeningafdeling					
Verkope	N1			464 600	00
Koste van verkope	N2	136 383	00		
Debiteurekorting	N3	4 790	00		
Eiendomsbelasting en dienstegelde	N4	29 050	00		
Slegte skuld	N5	2 050	00		
Selfoonuitgawes	N6	3 560	00		
Verbruiksvoorraad	N7	15 800	00		
Rente op vaste deposito	N8			12 650	00
Regskoste	N9	74 650	00		
Instandhouding van eiendom	N10	39 000	00		
Salarisse en lone	N11	154 648	00		
Voertuiglisensies en -registrasies	N12	10 702	00		
Water en elektrisiteit	N13	26 706	00		
		1 512 978	00	1 512 978	00

AANPASSINGS:

1. Die onderneming het op 1 Mei 2019 'n bykomende R50 000 in die vaste deposito belê. Geen inskrywing is in die boeke opgeteken nie. Pas die rente op die vaste deposito aan.

Kopiereg voorbehou

2. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2019 toon die volgende is beskikbaar:

   - Handelsvoorraad R62 300
   - Verbruiksvoorraad R300

3. Voorsiening vir depresiasie op voertuie en toerusting word soos volg gemaak:

   3.1 Voertuie teen 15% per jaar op die afnemende saldo-metode

   3.2 Toerusting teen 20% per jaar op die reguitlyn-metode
   Hou in gedagte dat nuwe kantoortoerusting op 1 Desember 2018 teen R25 000 aangekoop is. Die aankope is reeds in die besigheid se boeke opgeteken.

4. 'n Debiteur, V. Vundla, wat die onderneming R1 500 skuld, is insolvent verklaar. Vyftig persent van die bedrag is uit sy boedel ontvang. Die balans moet as oninbaar afgeskryf word. GEEN inskrywings is rakende hierdie transaksies gemaak nie.

5. Pas die voorsiening vir slegte skuld aan na 4% van debiteure.

6. Instandhouding van eiendom vir Julie 2019 is vooruit betaal.

7. Legal SA se tjek vir regskoste ter waarde van R6 500 is verkeerdelik na die Eiendomsbelasting en dienstegelde-rekening gepos. Stel die fout reg.

8. Die drywer D Singh se weeklikse loon is drie weke agterstallig weens 'n staking. Sy werkgewer en vakbond kom ooreen dat sy volle loon uitbetaal sal word. Hy verdien R1 800 per week.

GEVRA:

Skryf die aanpassings soos op 30 Junie 2019 in die Algemene Joernaal in. Verduidelikings is nie nodig nie. Rond alle antwoorde af tot die naaste heelgetal.

LET WEL: Toon alle bewerkings in die spasie in die ANTWOORDBOEK. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende aangepaste proefbalans verskyn in Ximba Locksmith se boeke op 31 Julie 2019, die laaste dag van die finansiële jaar:

XIMBA LOCKSMITH SE AANGEPASTE PROEFBALANS OP 31 JULIE 2019					
	FOL	**DEBIET**		**KREDIET**	
Balansstaat rekeningafdeling					
Kapitaal (1 Augustus 2018)	B1			525 000	00
Trekkings	B2	25 000	00		
Grond en geboue	B3	238 500	00		
Voertuie	B4	157 050	00		
Geakkumuleerde depresiasie op voertuie	B5			35 795	00
Vaste deposito: Limo Bank (11%)	B6	75 000	00		
Handelsvoorraad	B7	33 741	00		
Bank	B8	28 638	00		
Kleinkas	B9	525	00		
Debiteurekontrole	B10	21 365	00		
Opgelope inkomste	B11	1 570	00		
Vooruitbetaalde uitgawes	B12	2 005	00		
Krediteurekontrole	B13			27 164	00
Rente vooruit ontvang	B14			2 790	00
Nominale rekeningafdeling					
Verkope	N1			124 500	00
Koste van verkope	N2	34 005	00		
Debiteurekorting	N3	2 500	00		
Slegte skuld verhaal	N4			5 040	00
Bankkoste	N5	3 650	00		
Vervoer van verkope	N6	12 450	00		
Kommissie-inkomste	N7			1 573	00
Rekenaaruitgawes	N8	2 006	00		
Posgeld	N9	875	00		
Huur ontvang	N10			54 000	00
Herstel- en instandhoudingskoste	N11	10 505	00		
Salarisse en lone	N12	74 399	00		
Personeelopleiding	N13	12 403	00		
Telefone	N14	6 070	00		
Water en elektrisiteit	N15	33 605	00		
		775 862	00	775 862	00

GEVRA:

Open die volgende rekenings in Ximba Locksmith se Algemene grootboek en pos die sluitingsoordragte daarin. Balanseer/Sluit al die rekenings op 31 Julie 2019 af:

4.1	Kapitaal	(5)
4.2	Verkope	(5)
4.3	Handelsrekening	(5)
4.4	Wins-en-verlies-rekening	(15)
		[30]

VRAAG 5

Die volgende inligting is uit die Plant Guru se boeke onttrek op 28 Februarie 2019, die finansiële jaareinde. Gebruik die inligting om die volgende voor te berei:

5.1	Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019.	(26)
5.2	Balansstaat soos op 28 Februarie 2019. Toon SLEGS die aantekeninge wat gevra is in die ANTWOORDBOEK.	(24)
	LET WEL: Toon alle bewerkings tussen hakies waar van toepassing. Rond alle antwoorde af tot die naaste heelgetal.	**[50]**

AANPASSINGS:

1. Voorsiening word soos volg gemaak vir depresiasie op toerusting en voertuie:

   - Toerusting teen 13% per jaar volgens die afnemende saldo-metode.
   - Voertuie teen 11% per jaar volgens die kosprys-metode.

2. Pas die rente op die vaste deposito aan. Die deposito is op 1 Mei 2015 gemaak.

3. Skryf die debiteur D. Mabizela se skuld af as oninbaar, R770.

4. Maak voorsiening vir slegte skuld van tot 6% van debiteure (rond jou antwoord af tot die naaste heelgetal).

5. Die versekeringsbedrag sluit 'n jaarlikse versekeringspremie van R4 000 in; dit is op 1 Januarie 2019 betaal. Die polis is twee jaar vantevore uitgeneem.

6. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2019 toon die volgende is beskikbaar:

   - Handelsvoorraad R17 000
   - Skryfbehoeftes R820

Kopiereg voorbehou

7. Die maandelikse debietorder vir advertensie is nie betaal nie as gevolg van 'n bankfout; dit is dus nog uitstaande vir Februarie 2019.

VOORAF AANGEPASTE PROEFBALANS VAN DIE PLANT GURU OP 28 FEBRUARIE 2019					
	FOL	**DEBIET**		**KREDIET**	
Balansstaat rekeningafdeling					
Kapitaal (1 Maart 2018)	B1			200 000	00
Trekkings	B2	12 500	00		
Toerusting	B4	49 678	00		
Geakkumuleerde depresiasie op toerusting	B5			12 213	00
Voertuie	B6	169 440	00		
Geakkumuleerde depresiasie op voertuie	B7			39 805	00
Handelsvoorraad	B9	19 250	00		
Bank	B10	49 850	00		
Los kontant	B11	500	00		
Kleinkas	B12	870	00		
Debiteurekontrole	B13	12 333	00		
Krediteurekontrole	B14			14 777	00
Vaste deposito: Skye Bank (15%)	B15	80 000	00		
Nominale rekeningafdeling					
Verkope	N1			366 116	00
Koste van verkope	N2	165 240	00		
Debiteurekorting	N3	1 400	00		
Advertensie	N4	6 600	00		
Slegte skuld	N5	3 250	00		
Selfoonuitgawes	N6	1 950	00		
Versekering	N7	12 858	00		
Rente op vaste deposito	N8			3 505	00
Eiendomsbelasting en dienstegelde	N9	17 002	00		
Huur ontvang	N10			50 000	00
Skryfbehoeftes	N11	3 998	00		
Lone	N12	61 888	00		
Water en elektrisiteit	N13	17 809	00		
		686 416	00	686 416	00

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Analiseer die transaksies uit Ntsiki Bridal Shop se boeke op 31 Mei 2019, die laaste dag van die finansiële jaar.

Toon die rekeninge wat gedebiteer en gekrediteer word in die Algemene grootboek. Toon die effek van dié elemente op die rekening-vergelyking. Toon 'n styging met a+ aan, 'n afname met a–, en geen effek nie met 0.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te analiseer.

VOORBEELD:

Betaal PMB Times per tjek vir advertensie, R1 500.

Nommer	Algemene grootboek		Effek op die rekening-vergelyking		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste
Voorbeeld	*Advertensie*	*Bank*	*-1 500*	*- 1 500*	*0*

GEVRA:

6.1 Betaal water en elektrisiteit per tjek, R8 972. Let daarop dat die bankrekening oortrokke is.

6.2 Skryfbehoeftes beskikbaar teen die einde van die finansiële jaar, R235.

6.3 Daar was 'n styging in die voorsiening vir slegte skuld, R875.

6.4 'n Nuwe skootrekenaar is op 15 Mei 2019 gekoop vir R8 700. Die transaksie is verkeerdelik in die Rekenaarherstelwerk-rekening gepos. Stel die fout reg.

6.5 'n Bedrag van R1 200 wat voorheen as slegte skuld afgeskryf is, is van die debiteur G. Gumede ontvang.

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou